

20 Augustus

Skrifgedeelte: Job 28

Fokusgedeelte: Job 28:28

Net God weet waar wysheid is

Job val weg met 'n lofsang oor wat die briljante mensdom vermag. Diep, diep van onder uit die aarde haal ons kosbare metale en minerale. Mynbou is nie 'n moderne uitvinding nie. Dis al duisende jare wat ons weet hoe om waterare in myntonnels te blokkeer.

“Verstommend!” Het jy ook so gevoel toe jy die eerste 11 verse gelees het? Dan het vers 12 jou ook seker soos 'n skoot yskoue water in die gesig getref. Die mens graawe rond in ondergrondse dieptes, ja – om kosbare metale te vind, ja. Maar waar is die wysheid te vind? En wie soek dáárna?

Wysheid is meer werd as enige edel metaal of mineraal. En selfs al sou 'n mens hierna soek, sal jy dit nie sommer kry nie. Net God weet waar dit is. Net Hy kan dit blootlê. Want Hy sien en oorsien alles. Hy bepaal alles. Hy is indrukwekkend. Watter méns kan reëls maak vir die reën; kan die pad vir die weerlig aanwys? Net die Here kan. En Hý sê, sê Job in vers 28: “Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig.”

O mens, waaraan gaan jy vandag jou energie spandeer? Wat gaan jy vandag uit die lewe probeer haal? Oor wie sing jy jou lofsange?

(Vir dié wat graag dieper wil delf: Kyk hoe dié hoofstuk met hoogte en diepte te werk gaan.)

Sing: Psalm 119:19, 25, 38 (1936-beryming); Psalm 119:7, 14, 18 (2001-omdigting)

Ds DF Muller (Buffeldoorns)